# Sol-Tech

SOL-TECH.CO.ZA



# Fyn motoriese vaardighede

Fyn motoriese vaardighede verwys na die vermoë om klein, willekeurige spiere in die liggaam doelbewus te beheer.

Dit sluit in:

- Die fyn spiere van die hande, vingers en gewrigte.
- Die spiere in die mond wat eet en praat moontlik maak.
- Die fyn spiere wat die oë gebruik.





## Die belangrikheid van kennis oor fyn motoriese vaardighede

Kennis oor die ontwikkelingsfases van fyn motoriese vaardighede in 'n baba se hande is van uiterste belang, selfs vir die VKO-praktisyn wat met babas werk.

### Ontwikkeling in die eerste 1000 dae

Fyn motoriese vaardighede begin reeds ontwikkel in die eerste 1000 dae van die baba se lewe. Met verloop van tyd word hierdie vaardighede verfyn, maar dit is belangrik om te onthou:

- Elke kind bereik ontwikkelingsmylpale teen hul eie tempo.
- Hierdie tydgleuwe val binne die verwagte norm.

## Die eerste bewegings

Die aanvanklike bewegings is instinktief. Babas reik dikwels onbeheersd uit na die moeder tydens voeding.

Reeds vroeg in hul ontwikkeling begin hulle klere of 'n kombersie vashou, hierdie beweging staan bekend as die **palmargreep**. Dit is dieselfde term wat gebruik word vir die eerste fase van potloodgreep.

## Greepfases in babas

- Teen 3 maande oud:
  Die baba gebruik die **tweehand-palmar**greep om voorwerpe vas te hou.
- Teen 5 maande oud:
  Die baba ontwikkel die **eenhand-palmargreep**, wanneer hulle voorwerpe met een hand kan vashou.

> "Dit is gewoonlik vir eerste ouers verbasend om te sien hoe stewig hul eersteling 'n ratel kan vashou en nie sommer laat los nie."





## Ontwikkeling van fyn motoriese vaardighede by babas

- Beheersde uitreiking begin eers rondom ses maande.
- Tot op hierdie stadium is daar nog geen handvoorkeur sigbaar nie.
- Babas ontwikkel tussen 6 en 10 maande die vermoë om self ’n bottel vas te hou.
- Wanneer ’n bottel of enige voorwerp aangegee word, reik enige van die twee hande uit. Moenie handvoorkeur verwag of afdwing nie.
- Indien die baba nie uitreik nie, moet die voorwerp sentraal, in die middel van die lyfie, aangegee word.

## Verdere ontwikkelingsmylpale

- Babas begin leer dat hulle voorwerpe kan manipuleer.
- Die bekende "gooi-kry-gooi"-speletjie begin gewoonlik in hierdie fase. Hulle ontdek dat aksie ’n reaksie het.
- Hand-oog koördinasie verbeter voortdurend.
- Gesig- en mondspiere ontwikkel soos baba leer kou en babbel.

## Rol van die VKO-Praktisyn

- Evalueer of baba self die bottel kan vashou tussen 6 en 10 maande.
- Let op wanneer baba begin speelgoed gooi, dit dui op kognitiewe ontwikkeling.
- Moenie handvoorkeur afdwing nie, dit ontwikkel eers tussen 4 en 5 jaar, soms reeds teen 3 jaar.
- Skep doelgerigte speelgeleenthede om ontwikkeling te stimuleer en agterstande betyds op te merk.

## Voorstelle vir spel en stimulasie per ouderdom

**0 - 3 maande:** Gee vir baba 'n ratel en help hom om sy vingers om die basis daarvan te vou.

**4 - 6 maande:** Bied speelgoed aan wat maklik oop- en toegemaak kan word. Dit stimuleer probleemoplossing en fyn motoriese vaardighede.

**7 - 9 maande:** Laat baba ligte voorwerpe wat in koerantpapier toegedraai is, oopmaak en uithaal. Dit moedig ondersoek aan.





**10 - 12 maande:** Plaas klein stukkies kos op ’n skoon oppervlak en laat die baba dit self optel met duim en wysvinger. Demonstreer die aksie om na-apingsgedrag aan te moedig.

**13 - 18 maande:** Laat die baba met sy jogurt of pap “verf” terwyl hy eet. Motiveer hom om teksture te verken en merke te maak. Dit is die eerste vorm van “skryf”.

**19 - 24 maande:** Laat die baba eenvoudige voorwerpe in net-pas spasies druk – byvoorbeeld deur gate in ’n leë houer te gebruik. Die klem lê nie op vorm- of kleurherkenning nie, maar kan toevallig waargeneem word.

## Aanvullende Ontwikkeling

- Sodra die baba begin loop, moet daar voldoende geleentheid wees om met verskeie speelgoed, soos stoot- en trekwaentjies te speel.
- Sensoriese spel (bv. “messy play”) is belangrik, gebruik verskillende teksture hiervoor.
- Toesig is noodsaaklik, aangesien babas geneig is om alles in hul mond te sit.
- Maak etenstyd deel van die leerervaring, benut dit as ’n waardevolle ontwikkelingsgeleentheid.